MAMBA Slagdopkamer Uniformer

Apparaat om die slagdopkamer *(primer pocket)* haaks en ewe diep te sny

- Die slagdopkamer *(primer pocket)* word tydens vervaardiging in gepons (*punched*);
- Daarom is alle doppe se slagdopkamers nie ewe diep nie, en die bodem het gewoonlik ’n radius;
- Dit veroorsaak dat alle slagdoppe nie ewe diep monteer word nie, party kan selfs by die dop se kop uitsteek;
- Slagdoppe moet minstens 2 Thou, dit is 0.05mm, dieper as die kop se oppervlak monteer;
- Vir eweredige ontsteking en veiligheid is dit dus raadsaam om die slagdopkamers ewe diep en haaks te sny;
- Die snysels bou op, skud dit tussendeur uit;
- Hierdie proses word slegs een keer op doppe gedoen, en altyd op nuwe doppe;
- Omdat die verbrande slagdop residu baie hard is, en dit slytasie van toerusting veroorsaak, word dit nie aanbeveel om die uniformer te gebruik om die slagdopkamer skoon te maak nie. Gebruik eerder die korrekte gereedskap hiervoor.



- Die **MAMBA** slagdopkamer Uniformer is ten volle van metale vervaardig;
- Dit is vooraf verstel vir die korrekte snydiepte;
- Dit is presisie geslyp van ingenieurs gehalte SOMTA “High Speed Tool Steel”, wat baie lank sy skerp snyvlakke sal behou.